

# Die Heilige Martelare van China

## 9 Julie

Op 1 Oktober 2000 is ’n groep van 120 gelowiges, wat tussen die jare 1648 en 1930 vanweë hul geloof in China vermoor is, tot heiliges verklaar. Een van die bekendstes onder hulle was die Chinese priester Augustinus Zhai Rong wat in 1815 ’n marteldood gesterf het. Onder die ander martelare wat oor die eeue heen in die verskillende vervolgings van Christene in China gesterf het, was daar kinders, ouers, kategete arbeiders asook buitelandse sendelinge en religieuse.

© Die Oratorium Uitgewery